# Voorwoord

Vreugde is die hartklop van ons geloof.

Paulus skryf juis in 1 Tessalonisense 5:16 dat dankbaarheid deel van God se wil is. Op sy beurt jubel die Prediker dit nie minder nie as vyf keer uit in sy boek dat vreugde God se geskenk aan ons is. Ook noem hy dat vreugde gebeur rondom etenstafels en saam met ander mense.

Mag jy dit in hierdie jaar beleef as jy saamreis op die Here se roete van vreugde. Mag jy sy blydskap ontdek op tienduisend nuwe plekke in jou lewe. Nog meer, mag die Here self jou vreugde wees. Laat toe dat Hy jou lewe oorstroom met sy nabyheid, sy gawes en sy goedheid. Dan sal die hemel oop wees bokant jou kop. Dan wag daar 'n goeie jaar op jou, een wat van begin tot einde met vreugde omraam is. Dan kan jy bly wees, al treur jy soms. Dan kan jy dankbaar wees, al skyn die son nie elke dag in jou lewe nie. Want dan ken jy daardie vrede van die Here wat jou hart en jou verstand tot rus bring waarvan Paulus in Filippense 4 skryf.

Geniet die reis!

Daar is soveel mense wat my lewe oorstroom met vreugde: my vrou, Marietjie, en my kinders, Tarien en Elani. So ook my skoonseuns, Pierre en Nelius. Dan is daar ook my kosbare skoonma, Rina, ons familie (Johan en Helen, Danie en Celeste, Cor en Chris), asook vriende soos Hennie en Amanda, Johan en Helena, Jan en Shireen, Robert en Bouwina, Johan en Elizabeth, Giepie en Helen, Willie en Liz, Marius en Erna, Dana en Elmarie, Jan en Tertia, Schalk en Rika, Deon en Petro, Fanie en Lynne, Johan en Huibreth, Fred en Susan, Colin en Anri, Andries, Henk, Jan, Hennie en Lettie, Johan en Louise, Konrad en Minki, Pieter en Carien, Herman en Zelna, en sommer nog baie ander mense.

Dankie vir julle elkeen se spesiale rol in my lewe!

~ Stephan Joubert

Januarie

# Vreugde is ernstige hemelse sake!

U het lief wat reg is en U haat wat verkeerd is. Daarom het, o God, u God U met jubelende vreugde tot koning gesalf – ver verhewe bo almal saam met U.

Hebreërs 1:9

"Joy is the serious business of heaven." So skryf C.S. Lewis. Tereg ook, want Jesus word in Hebreërs 1:9 aan ons bekendgestel as die Een wat met vreugde gesalf is. Hy is ons nuwe hoëpriester. Hy het met sy eie lyf betaal om ons Syne te maak. Al ons sondes en foute het Hy eiehandig op sy skouers getel daar aan die kruis. Nou hoef ons niks meer af te betaal teen ons hemelse skuld-rekening nie. Dit is opbetaal, want ons glo in Hom. Boonop het Jesus vir ons 'n permanente hemelse blyplek by Hom ingerig. Die beste eiendom in die ganse heelal wag op ons.

Jesus is deurdrenk met vreugde. Hy het te veel blydskap om ooit self op te gebruik. Daarom gee Hy sy blydskap gedurig weg aan ons. Orals waar Jesus aanwesig is, bring Hy sy vreugde saam as hemelse geskenk, gratis en verniet. Vreugde is deel van Jesus se erfporsie aan ons almal as God se nuwe familie hier op aarde.

Sy vreugde is nie net 'n emosie nie. Dit ook, maar Jesus se vreugde is diep geanker in ons karakter, ons wese, ons hele bestaan. Daarom dat blydskap gedurig uit ons binneste opborrel omdat Jesus ons Heer is. Ons deel in sy hemelse vreugde. Ons leef in sy seën-reën. Ons is vol vreugde, al huil ons soms. Ons sing en lag, selfs al laat die lewe ons nou en dan treur. Want ons is Jesus s'n. Ons is sy duurgekoopte eiendom. Hy is by ons tot in lengte van dae. Ons is in die Here se hand. Ons is permanente eregaste by sy vreugde-tafel.

# Weet meer van God af as jy regtig gelukkig wil wees

Julle ken Hom, omdat Hy by julle gaan bly en in julle sal woon.

Johannes 14:17

Te veel mense weet net genoeg van godsdiens af om ongelukkig te wees. So skryf C.S. Lewis. Hartseer woorde. Ons geloof is veronderstel om 'n innerlike vrede in ons te bring. Ons geloof moet ons tot rus laat kom in die Here. Nogtans is vele gelowiges sielsongelukkig. Diep in hulle binneste is hulle ontevrede en omgesukkel. Dit hoort nie so nie. Ons is slegte advertensieborde vir die Here as ons meer bekend is vir die feit dat ons moeilike mense is as dat ons lewens oorloop van vreugde.

Hoe kom ons dan tot goeie rus in die Here? Wel, ons moet minstens meer weet van God as wat ons tans weet. Ja, jy het reg gelees: Ons kort meer van die regte soort kennis oor God. Nee, ek bedoel nie nog informasie nie. Inligting verander niemand nie. Ons kort lewensveranderende kennis.

Om vreugdevol te leef het ons nodig om te weet dat God tevrede is met ons omdat ons aan Jesus vashou as Here en Verlosser. Daar is vrede tussen ons en Hom. God is lankal nie meer kwaad vir ons nie. Trouens, Hy hou baie meer van ons as wat ons ooit van Hom kan hou. Ook is Hy baie nader aan ons elkeen as wat ons ooit aan Hom kan wees. Die Here is regtig by ons. Wag! Briek, stop! Lees dit weer: Die Here is by ons. Hy is die Goeie Herder wat by al sy skape hier op aarde is. Niks of niemand kan ons ooit uit sy hand ruk nie. Ons het nodig om hierdie kennis diep in ons hart se brandkluis te bêre en dit elke dag te oordink. Dit moet geloofskennis wees. Dan groei vreugde regtig diep in ons. Dit waarborg God se goeie Woord.